

Besef ek die gevolge van my sonde?

Enige sonde wat ek doen, of ek dit nou so bedoel of nie, is eintlik 'n klap in God se gesig. Israel het met hulle sonde God se Naam oneer aangedoen. Met hulle sonde het hulle God se Naam deur die modder gesleep. Daarom het God gesê (vers 21-22): "Ek is begaan oor my heilige Naam wat oneer aangedoen word deur Israel onder die nasies waar hulle gekom het. Daarom, sê vir Israel: So sê die Here my God: Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie, Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat deur julle oneer aangedoen is onder die nasies waar julle gekom het."

Deur onself Christene te noem, eien ons Jesus Christus se Naam vir ons toe. Deur sonde te doen sleep ons sy Naam deur die modder, tas ons die eer van sy heilige Naam aan onder die nasies, vat ons Hom in die gesig.

Ja, ons besef nie altyd wat sonde is en wat die gevolge daarvan is nie. Ons sonde het verskriklike gevolge. Ons belydenis sê oor die optrede van die gelowiges: "Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God vreeslik, verdien hulle die dood, bedroef hulle die Heilige Gees, versteur hulle die oefening in die geloof, verwond hulle die gewete baie ernstig en verloor hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade." Met ons sonde maak ons God kwaad, só kwaad dat ons die dood verdien. Met ons sonde maak ons die Heilige Gees hartseer, ry ons ons eie geloof in die wiele, maak ons ons eie gewete seer en kan ons selfs vir 'n tyd lank vergeet dat Jesus vir ons gesterf het.

Eers as ons besef dat ons al hierdie verskriklike dinge met ons sonde doen, eers dan het ons werklik berou en kan ons ons bekeer.

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~